


DIE PROVINSIE TRANSVAAL



THE PROVINCE OF TRANSVAAL

Offisiële Koerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)



Official Gazette

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

PRYS: S.A. R1,25. OORSEE: 85c

PRICES: S.A. R1,25. OVERSEAS: 85c

Vol. 235

PRETORIA 12 FEBRUARIE 1992
12 FEBRUARY

4809

OFFISIËLE KOERANT VAN DIE TRANSVAAL (Verskyn elke Woensdag)

Alle korrespondensie, advertensies, ens. moet aan die Direkteur-generaal, Transvaalse Provinsiale Administrasie, Private Bag X64, Pretoria, geadresseer word en indien per hand afgelewer, moet dit op die Vyfde Vloer, Kamer 515, Ou Poyntongebou, Kerkstraat, ingedien word. Gratis eksemplare van die *Offisiële Koerant* of uitknipsels van advertensies word nie verskaf nie.

LET WEL: ALLE ADVERTENSIES MOET GETIK WEES. HANDGESKREWE ADVERTENSIES SAL NIE AANVAAR WORD NIE.

Intekengeld (vooruitbetaalbaar) met ingang 1 April 1991.

Transvaalse *Offisiële Koerant* (met inbegrip van alle Buitengewone Koerante) is soos volg:

Jaarliks (posvry) - R66,80.

Zimbabwe en Oorsee (posvry) - 85c elk.

Prys per eksemplaar (posvry) - R 1,25 elk.

Verkrygbaar by 5e Vloer, Kamer 515, Ou Poyntongebou, Kerkstraat, Pretoria, 0001.

Sluitingstyd vir Aannee van Advertensies

Alle advertensies moet die Beampte belas met die *Offisiële Koerant* bereik nie later nie as 10:00 op Dinsdag 'n week voordat die Koerant uitgegee word. Advertensies wat na daardie tyd ontvang word, word oorgehou vir publikasie in die uitgawe van die volgende week.

Advertensies tariewe met ingang van 1 April 1991.

Kennisgewing wat volgens Wet in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word:

Dubbelkolom - R8,50 per sentimeter of deel daarvan. Herhaling - R6,50.

Enkelkolom - R7,50 per sentimeter. Herhaling - R5,00.

Intekengelde is vooruitbetaalbaar aan die Direkteur-generaal, Private Bag X225, Pretoria 0001.

C G D GROVÉ

Namens Direkteur-generaal

K5-7-2-1

OFFICIAL GAZETTE OF THE TRANSVAAL (Published every Wednesday)

All correspondence, advertisements, etc. must be addressed to the Director-General, Transvaal Provincial Administration Private Bag X64, Pretoria, and if delivered by hand, must be handed in on the Fifth Floor, Room 515, Old Poynton Building, Church Street. Free copies of the *Provincial Gazette* or cuttings of advertisements are not supplied.

PLEASE NOTE: ALL ADVERTISEMENTS MUST BE TYPED. HANDWRITTEN ADVERTISEMENTS WILL NOT BE ACCEPTED.

Subscription Rates (payable in advance) as from 1 April 1991.

Transvaal *Provincial Gazette* (including all extraordinary Gazettes) are as follows:

Yearly (post free) - R66,80.

Zimbabwe and Overseas (post free) - 85c.

Price per single copy (post free) - R 1,25 each.

Obtainable at Fifth Floor, Room 515, Old Poynton Building, Church Street, Pretoria, 0001.

Closing Time for Acceptance of Advertisements

All advertisements must reach the Officer in Charge of the *Provincial Gazette* not later than 10:00 on the Tuesday a week before the *Gazette* is published. Advertisements received after that time will be held over for publication in the issue of the following week.

Advertisement Rates as from 1 April 1991

Notices required by Law to be inserted in the *Provincial Gazette*:

Double column - R8,50 per centimetre or portion thereof. Repeats - R6,50.

Single column - R7,50 per centimetre. Repeats - R5,00.

Subscriptions are payable in advance to the Director-General, Private Bag X225, Pretoria 0001.

C G D GROVÉ

For Director-General

K5-7-2-1

Administrateurskennisgewings

Administrateurskennisgewing 31

29 January 1992

MUNISIPALITEIT ERMELO VOORGESTELDE VERANDERING VAN GRENSE

Ingevolge artikel 10 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Munisipaliteit van Ermelo 'n versoekskrif by die Administrateur ingedien het met die bede dat hy die bevoegdhede aan hom verleen by artikel 9(6) van genoemde Ordonnansie uitoefen en die grense van die Munisipaliteit van Ermelo verander deur die uitsnyding daaruit van die gebied wat in die Bylae hierby omskryf word.

Enige belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die Provinsiale Koerant aan die Direkteur-generaal: Tak Gemeenskapsontwikkeling, Priwaatsak X437, Pretoria, 0001 'n teenpetisie te rig waarin die Administrateur versoek word om nie aan genoemde versoekskrif, in geheel of ten dele, te voldoen nie.

Verdere besonderhede van die aansoek le in die kantoor van die Direkteur-generaal, Tak Gemeenskapsontwikkeling, Kamer B213, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, ter insae.

BYLAE

GO 17/30/2/14 TL

Die volgende gedeeltes van die plaas Nooitgedacht 268 IT:

- a) Restant van Gedeelte 183, groot 410,5002 hektaar volgens Kaart A5076/1980.
- b) Gedeelte 186 ('n gedeelte van Gedeelte 183), groot 1,0360 hektaar volgens Kaart A7948/1981.
- c) Gedeelte 187 ('n gedeelte van Gedeelte 183), groot 5,5991 hektaar volgens Kaart A7949/1981.

Administrateurskennisgewing 53

12 Februarie 1992

AANSOEK OM SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN OPENBARE- EN DISTRIKSPAD 2 OOR GEDEELTE 1 VAN RATHO 1 MS: DISTRIK ZOUTPANSBERG

Met die oog op 'n aansoek ontvang van Mnr. C P van der Walt om die sluiting van 'n gedeelte van openbare- en distrikspad 2 oor die Restant van Gedeelte 1 van Ratho 1 MS, is die Administrateur van voorneme om ingevolge artikel 29 van die Padordonnansie, 1957, op te tree.

Enige belanghebbende persoon kan binne dertig dae vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing, redes vir beswaar teen die beoogde sluiting skriftelik by die Streekingenieur, Tak Paaie, Landdros Maréstraat, Pietersburg, indien.

Die aandag van beswaarmakers word op die bepalinge van artikel 29(3) van gemelde Ordonnansie, gevestig.

Goedkeuring: 47 van 18 Oktober 1991

Verwysing: 5401 10/1/1/4 2 TL 1

Administrator's Notices

Administrator's Notice 31

29 January 1992

ERMELO MUNICIPALITY PROPOSED ALTERATION OF BOUNDARIES

Notice is hereby given, in terms of section 10 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Ermelo Municipality has submitted a petition to the Administrator praying that he may in the exercise of the powers conferred on him by section 9(6) of the said Ordinance, alter the boundaries of Ermelo Municipality by the exclusion of the area described in the Schedule hereto.

It shall be competent for any persons interested, within 30 days of the first publication hereof in the Provincial Gazette, to direct to the Director General: Community Development Branch, Private Bag X437, Pretoria, 0001 a counterpetition requesting the Administrator to refrain from granting the said petition, either wholly or in part.

Further particulars of the application are open for inspection at the office of the Director General: Community Development Branch, Room B213, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

SCHEDULE

GO 17/30/2/14 TF

The following portions of the farm Nooitgedacht 268 IT:

- a) Remainder of Portion 183, in extent 410,5002 hectares vide Diagram A5076/1980.
- b) Remainder 186 (a portion of Portion 183), in extent 1,0360 hectares vide Diagram A7948/1981.
- c) Portion 187 (a portion of Portion 183), in extent 5,5991 hectares vide Diagram A7949/1981.

12

Administrator's Notice 53

12 February 1992

APPLICATION FOR CLOSING OF A PORTION OF PUBLIC AND DISTRICT ROAD 2 OVER PORTION 1 OF RATHO 1 MS: DISTRICT OF ZOUTPANSBERG

In view of an application received from Mr. C P van der Walt for the Closing of a portion of public and district road 2 over the Remainder of Portion 1 of Ratho 1 MS, the Administrator intends taking action in terms of section 29 of the Road Ordinance, 1957.

Any person concerned may lodge reasons for objection against the proposed closing within thirty days of publication of this notice, in writing to the Regional Engineer, Roads Branch, Landdros Maré Street, Pietersburg.

The attention of objectors is drawn to the provisions of section 29(3) of the said Ordinance.

Approval: 47 dated 18 October 1991

Reference: 5401 10/1/1/4 2 TL 1

12

Administrateurskennisgewing 54

12 Februarie 1992

STADSRAAD VAN KLERKSDORP: INTREKKING VAN VRYSTELLING VAN EIENDOMSBELASTING

Die Administrateur maak hierby bekend dat die Stadsraad van Klerksdorp hom versoek het om die bevoegdheid aan hom verleen deur die bepalings van artikel 9(10) van Ordonnansie 17 van 1939, uit te oefen en die bestaande vrystelling van die bepalings van die Plaaslike Bestuur-Belasting-Ordonnansie, 1933, ten opsigte van Gedeelte 565 ('n gedeelte van Gedeelte 538) van die plaas Elandsheuvel 402-IP, in te trek.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik by die Direkteur-generaal: Tak Gemeenskapsontwikkeling Priwaatsak X437, Pretoria, redes aan te voer waarom daar nie aan die Stadsraad van Klerksdorp se versoek voldoen moet word nie.

GO 17/1/4/17

Administrateurskennisgewing 55

12 Februarie 1992

VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge artikel 69 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), verklaar die Administrateur hierby die dorp Noordwyk Uitbreiding 21 tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

PB 4-2-2-7484

BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR NOORDWYK 21 (EIENDOMS) BEPERK INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965, OM TOESTEMMING OM 'n DORP TE STIG OP GEDEELTE 530 VAN DIE PLAAS RANDJESFONTEIN 405 - JR PROVINSIE TRANSVAAL, TOEGESTAAN IS.

1. STIGTINGSVOORWAARDES**(1) NAAM**

Die naam van die dorp is Noordwyk Uitbreiding 21.

(2) ONTWERP

Die dorp bestaan uit erwe en 'n straat soos aangedui op Algemene Plan LG No A 5863/88.

(3) BEGIFTIGING

Die dorpseienaar moet kragtens die bepalings van artikel 63(1)(b) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, aan die plaaslike bestuur as begiftiging 'n globale bedrag van R45 350,00 betaal welke bedrag deur die plaaslike bestuur aangewend moet word vir die verkryging van 'n park (openbare oopruimte).

Sodanige begiftiging is betaalbaar kragtens die bepalings van artikel 73 van genoemde Ordonnansie.

Administrator's Notice 54

12 February 1992

TOWN COUNCIL OF KLERKSDORP: WITHDRAWAL OF EXEMPTION FROM RATING

Notice is hereby given that the Town Council of Klerksdorp has requested the Administrator to exercise the authority conferred on him by section 9(10) of Ordinance 17 of 1939, and withdraw the existing exemption from the provisions of the Local Authorities Rating Ordinance, 1933, in respect of Portion 565 (a portion of Portion 538) of the farm Elandsheuvel 402-IP.

All interested persons are entitled to submit reasons in writing to the Director General: Community Development Branch, Private Bag X437, Pretoria, 0001 within 30 days of the first publication of this notice why the request of the Town Council of Klerksdorp should not be granted.

GO 17/1/4/17

12-19-26

Administrator's Notice 55

12 February 1992

DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 69 of the Town Planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), the Administrator hereby declares Noordwyk Extension 21 Township to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

PB 4-2-2-7484

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY NOORDWYK 21 (EIENDOMS) BEPERK UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 530 OF THE FARM RANDJESFONTEIN 405 - JR PROVINCE OF TRANSVAAL, HAS BEEN GRANTED.

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT**(1) NAME**

The name of the township shall be Noordwyk Extension 21.

(2) DESIGN

The township shall consist of erven and a street as indicated on General Plan SG No A5863/88.

(3) ENDOWMENT

The township owner shall, in terms of the provisions of section 63(1)(b) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, pay a lump sum endowment of R45 350,00 to the local authority for the provision of land for a park (public open space).

Such endowment shall be payable in terms of section 73 of the said Ordinance.

(4) BESKIKKING OOR BESTAANDE TITEL-VOORWAARDES

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en servitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale.

2. TITELVOORWAARDES

Alle erwe is onderworpe aan die volgende voorwaardes opgelê deur die Administrateur ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965:

- (1) Die erf is onderworpe aan 'n servituut 2 m breed, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele servituut vir munisipale doeleindes 2 m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige servituut mag afsien.
- (2) Geen geboue of ander struktuur mag binne die voornoemde servituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige servituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.
- (3) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpyleidings en ander werke wat hy volgens goeë dunks noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde servituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwyderings van sodanige rioolhoofpyleidings en ander werke veroorsaak word.
- (4) Die erf is onderworpe aan 'n servituut vir pad-doeleindes ten gunste van die plaaslike bestuur, soos op die algemene plan aangedui. By die indiening van 'n sertifikaat deur die plaaslike bestuur aan die Registrateur van Aktes waarin vermeld word dat sodanige servituut nie meer benodig word nie, verval die voorwaarde.

Administrateurskennisgewing 56

12 Februarie 1992

HALFWAY HOUSE EN CLAYVILLE-WYSIGING-SKEMA 286

Die Administrateur verklaar hierby ingevolge die bepalings van artikel 89(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, dat hy 'n wysigingskema synde 'n wysiging van Halfway House en Clayville-dorpsbeplanningskema 1976 wat uit dieselfde grond as die dorp Noordwyk Uitbreiding 21 bestaan, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Departementshoof, Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Pretoria, en die Stadsklerk, Midrand, en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Halfway House en Clayville-wysigingskema 286

PB 4-9-2-149-286

(4) DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.

2. CONDITIONS OF TITLE

All erven shall be subject to the following conditions imposed by the Administrator in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965:

- (1) The erf is subject to a servitude, 2 m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 2 m wide across the access portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.
- (2) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.
- (3) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.
- (4) The erf is subject to a servitude for road purposes in favour of the local authority, as indicated on the general plan. On submission of a certificate from the local authority to the Registrar of Deeds stating that the servitude is no longer required, this condition shall lapse.

12

Administrator's Notice 56

12 February 1992

HALFWAY HOUSE AND CLAYVILLE AMENDMENT SCHEME 286

The Administrator hereby in terms of the provisions of section 89(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, declares that he approved an amendment scheme, being an amendment of Halfway House and Clayville Town-planning Scheme 1976 comprising the same land as included in the township of Noordwyk Extension 21

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Head of Department, Local Government, Housing and Works, Pretoria, and the Town Clerk, Midrand, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Halfway House And Clayville Amendment Scheme 286.

PB 4-9-2- 149-286

12

Administrateurskennisgewing 57

12 Februarie 1992

VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE ORDONNANSIE OP PLAASLIKE BESTUUR, 1939 (ORDONNANSIE NO. 17 VAN 1939)

Kennisgewings ten opsigte van die voorgestelde wysiging van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939), is in *The Star* en *Beeld* van 7 Februarie 1992 gepubliseer. Sodanige wysiging is vervat in die konsepproklamasie wat hieronder gepubliseer word.

Volgens bogenoemde kennisgewings kan iemand wat kommentaar op die voorgestelde wysiging wil lewer, sy skriftelike kommentaar voor 10 Maart 1992 by my indien

(a) deur dit na die volgende adres te pos:

Direkteur-generaal:
Transvaalse Provinsiale Administrasie
Privaatsak X437
PRETORIA 0001; of

(b) deur dit in te handig by:

Kamer B213
Provinsiale Administrasie-gebou
hoek van Pretorius- en Bosmanstraat
PRETORIA

A.CORNELISSEN

Direkteur-Generaal:
Transvaalse Provinsiale Administrasie

KONSEPPROLAMASIE

WYSIGING VAN DIE ORDONNANSIE OP PLAASLIKE BESTUUR, 1939 (ORDONNANSIE NO. 17 VAN 1939)

Ek, Daniel Jacobus Hough, Administrateur van Transvaal, kragtens artikel 14(2)(a) van die Wet op Provinsiale Regering, 1986 (Wet No. 69 van 1986), en nadat aan die bepalings van artikel 16 van genoemde Wet voldoen is, wysig hierby die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939), soos in die Bylae uiteengesit, behalwe vir sover die bepalings van Deel IV van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1983 (Wet No. 110 van 1983), op daardie Ordonnansie van toepassing verklaar is by Proklamasie No. R.36 van 31 Maart 1989.

Hierdie Proklamasie is deur 'n staande komitee van die Parlement goedgekeur soos deur die voorbehoudsbepaling by genoemde artikel 14(2)(a) vereis.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die dag van Een-duisend Nege-honderd Twee-en-negentig.

ADMINISTRATEUR VAN TRANSVAAL

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA

[] Woorde tussen vierkantige hake, dui skappings uit bestaande verordenings aan.

— Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

BYLAE

WYSIGING VAN ARTIKEL 79 VAN ORDONNANSIE 17 VAN 1939, SOOS GEWYSIG DEUR ARTIKEL 8 VAN ORDONNANSIE 12 VAN 1941, ARTIKEL 5 VAN ORDONNANSIE 11 VAN 1942, ARTIKEL 3 VAN ORDONNANSIE 19 VAN 1943, ARTIKEL 6 VAN ORDONNANSIE 19 VAN 1944, ARTIKEL 11 VAN ORDONNANSIE 27 VAN 1951, ARTIKEL 8 VAN ORDONNANSIE 25 VAN 1953, ARTIKEL 5 VAN ORDONNANSIE 16 VAN 1955, ARTIKEL 7

Administrator's Notice 57

12 February 1992

PROPOSED AMENDMENT TO THE LOCAL GOVERNMENT ORDINANCE, 1939 (ORDINANCE NO. 17 OF 1939)

Notices in respect of the proposed amendment of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939), were published in *The Star* and *Beeld* of 7 February 1992. Such amendment is set out in the draft proclamation published hereunder.

According to the above-mentioned notices, any person who wishes to comment on the proposed amendment may lodge his written comment with me before 10 March 1992 –

(a) by posting it to the following address:

Director General:
Transvaal Provincial Administration
Private Bag X437
PRETORIA 0001; or

(b) by handing it in at:

Room B213
Provincial Administration Building
Corner of Pretorius and Bosman Streets
PRETORIA

A. CORNELISSEN

Director General:
Transvaal Provincial Administration

DRAFTPROCLAMATION

AMENDMENT OF THE LOCAL GOVERNMENT ORDINANCE, 1939 (ORDINANCE NO. 17 OF 1939)

I, Daniel Jacobus Hough, Administrator of the Transvaal, under section 14(2)(a) of the Provincial Government Act, 1986 (Act No. 69 of 1986), and after compliance with the provisions of section 16 of the said Act, hereby amend the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939), as set out in the Schedule, except in so far as the provisions of Part IV of the Republic of South Africa Constitution Act, 1983 (Act No. 110 of 1983), have been declared applicable to that Ordinance by Proclamation no. R.36 of 31 March 1989.

This Proclamation has been approved by a standing committee of Parliament as required by the proviso to the said section 14(2)(a).

Given under my Hand at Pretoria, this day of One thousand Nine hundred and Ninety two.

ADMINISTRATOR OF THE TRANSVAAL

GENERAL EXPLANATORY NOTE

[] Words in square brackets, indicate omissions from existing enactments.

— Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

SCHEDULE

AMENDMENT OF SECTION 79 OF ORDINANCE 17 OF 1939, AS AMENDED BY SECTION 8 OF ORDINANCE 12 OF 1941, SECTION 5 OF ORDINANCE 11 OF 1942, SECTION 3 OF ORDINANCE 19 OF 1943, SECTION 6 OF ORDINANCE 19 OF 1944, SECTION 11 OF ORDINANCE 27 OF 1951, SECTION 8 OF ORDINANCE 25 OF 1953, SECTION 5 OF ORDINANCE 16 OF 1955, SECTION 7 OF ORDINANCE 21 OF 1957, SECTION 3 OF ORDINANCE 33

VAN ORDONNANSIE 21 VAN 1957, ARTIKEL 3 VAN ORDONNANSIE 33 VAN 1959, ARTIKEL 2 VAN ORDONNANSIE 24 VAN 1960, ARTIKEL 6 VAN ORDONNANSIE 18 VAN 1961, ARTIKEL 2 VAN ORDONNANSIE 5 VAN 1962, ARTIKEL 3 VAN ORDONNANSIE 12 VAN 1962, ARTIKEL 1 VAN ORDONNANSIE 7 VAN 1964, ARTIKEL 1 VAN ORDONNANSIE 14 VAN 1964, ARTIKEL 15 VAN ORDONNANSIE 18 VAN 1965, ARTIKEL 5 VAN ORDONNANSIE 24 VAN 1965, ARTIKEL 96 VAN ORDONNANSIE 25 VAN 1965, ARTIKEL 8 VAN ORDONNANSIE 24 VAN 1966, ARTIKEL 3 VAN ORDONNANSIE 16 VAN 1967, ARTIKEL 8 VAN ORDONNANSIE 15 VAN 1968, ARTIKEL 3 VAN ORDONNANSIE 10 VAN 1970, ARTIKEL 6 VAN ORDONNANSIE 10 VAN 1971, ARTIKEL 2 VAN ORDONNANSIE 16 VAN 1972, ARTIKEL 2 VAN ORDONNANSIE 6 VAN 1974, ARTIKEL 1 VAN ORDONNANSIE 15 VAN 1975, ARTIKEL 3 VAN ORDONNANSIE 14 VAN 1976, ARTIKEL 3 VAN ORDONNANSIE 21 VAN 1976, ARTIKEL 18 VAN ORDONNANSIE 18 VAN 1977, ARTIKEL 2 VAN ORDONNANSIE 22 VAN 1977, ARTIKEL 7 VAN ORDONNANSIE 16 VAN 1978, ARTIKEL 4 VAN ORDONNANSIE 16 VAN 1979, ARTIKEL 3 VAN ORDONNANSIE 13 VAN 1980, ARTIKEL 8 VAN ORDONNANSIE 13 VAN 1981, ARTIKEL 5 VAN ORDONNANSIE 16 VAN 1982, ARTIKEL 3 VAN ORDONNANSIE 9 VAN 1983, ARTIKEL 9 VAN ORDONNANSIE 16 VAN 1984, ARTIKEL 9 VAN ORDONNANSIE 18 VAN 1985, ARTIKEL 4 VAN ORDONNANSIE 16 VAN 1986, ARTIKEL 3 VAN ADMINISTRATEURSPROKLAMASIE 34 VAN 1988 EN ARTIKEL 7 VAN PROKLAMASIE 40 VAN 1990

1. Artikel 79 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby gewysig

- (a) deur subparagraph (i) van paragraaf (b) van subartikel (15) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(i) die Transvaalse Munisipale Vereniging of enige ander soortgelyke munisipale vereniging wat die Administrateur goedkeur"; of;" en

- (b) deur subartikel (35) deur die volgende subartikel te vervang:

(35) sy ledegeld betaal aan die Transvaalse Munisipale Vereniging of enige ander soortgelyke munisipale vereniging wat die Administrateur goedkeur en die billike reis- en persoonlike onkoste van sy verteenwoordigers betaal wat hulle aangaan om vergaderings van enige konferensie of van die uitvoerende komitee van die genoemde vereniging of sodanige ander vereniging by te woon."

KORT TITEL EN INWERKINGTREDING

2. (1) Hierdie proklamasie heet die Wysigingsproklamasie op die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1992, en tree in werking op 'n datum wat die Administrateur by proklamasie in die Offisiële Koerant bepaal.
- (2) Verskillende datums kan aldus bepaal word ten opsigte van verskillende bepalings van hierdie proklamasie.

OF 1959, SECTION 2 OF ORDINANCE 24 OF 1960, SECTION 6 OF ORDINANCE 18 OF 1961, SECTION 2 OF ORDINANCE 5 OF 1962, SECTION 3 OF ORDINANCE 12 OF 1962, SECTION 1 OF ORDINANCE 7 OF 1964, SECTION OF ORDINANCE 14 OF 1964, SECTION 15 OF ORDINANCE 18 OF 1965, SECTION 5 OF ORDINANCE 24 OF 1965, SECTION 96 OF ORDINANCE 25 OF 1965, SECTION 8 OF ORDINANCE 24 OF 1966, SECTION 3 OF ORDINANCE 16 OF 1967, SECTION 8 OF ORDINANCE 15 OF 1968, SECTION 3 OF ORDINANCE 10 OF 1970, SECTION 6 OF ORDINANCE 10 OF 1971, SECTION 2 OF ORDINANCE 16 OF 1972, SECTION 2 OF ORDINANCE 6 OF 1974, SECTION 1 OF ORDINANCE 15 OF 1975, SECTION 3 OF ORDINANCE 14 OF 1976, SECTION 3 OF ORDINANCE 21 OF 1976, SECTION 18 OF ORDINANCE 18 OF 1977, SECTION 2 OF ORDINANCE 22 OF 1977, SECTION 7 OF ORDINANCE 16 OF 1978, SECTION 4 OF ORDINANCE 16 OF 1979, SECTION 3 OF ORDINANCE 13 OF 1980, SECTION 8 OF ORDINANCE 13 OF 1981, SECTION 5 OF ORDINANCE 16 OF 1982, SECTION 3 OF ORDINANCE 9 OF 1983, SECTION 9 OF ORDINANCE 16 OF 1984, SECTION 9 OF ORDINANCE 18 OF 1985, SECTION 4 OF ORDINANCE 16 OF 1986, SECTION 3 OF ADMINISTRATOR 5 PROCLAMATION 34 OF 1988 AND SECTION 7 OF PROCLAMATION NO. 40 OF 1990

1. Section 79 of the Local Government Ordinance, 1939, is hereby amended

- (a) by the substitution for subparagraph (i) of paragraph (b) of subsection (15) of the following subparagraph:

"(i) the Transvaal Municipal Association or any other similar municipal association approved by the Administrator; or"; and

- (b) by the substitution for subsection (35) of the following subsection:

"(35) pay its subscription to the Transvaal Municipal Association or any other similar municipal association approved by the Administrator and the reasonable travelling and personal expenses of its representatives incurred in attending meetings of any conference of the executive committee of the said Association or such other association:".

SHORT TITLE AND COMMENCEMENT

2. (1) This proclamation shall be called the Local Government Ordinance Amendment Proclamation, 1992, and shall come into operation on a date fixed by the Administrator by proclamation in the Official Gazette.
- (2) Different dates may be so fixed in respect of different provisions of this proclamation.

Offisiële Kennisgewings

KENNISGEWING 9 VAN 1992

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUI-
SING EN WERKE

VOLKSRAAD

STADSRAAD VAN ALBERTON: PROKLAMERING VAN
PAAIE

Ek, Lucas Johannes Nel, Ministeriële Verteenwoordiger van die Volksraad, Suid- en Oos-Transvaal, handelende namens die Minister van Plaaslike Bestuur: Volksraad, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 4 van die Local Authorities Roads Ordinance, 1904 (Ordonnansie 44 van 1904) proklameer hierby die paaie soos in die Bylae hierby omskryf, tot openbare paaie onder die regsbevoegdheid van die Stadsraad van Alberton.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 29 ste dag van Januarie Eenduisend Negehoonderd Twee-en-Negentig.

L J NEL
Ministeriële Verteenwoordiger: Volksraad
BYLAE

Paaie oor –

- (1) Erf 413, New Redruth soos aangetoon op Kaart L.G. No. A1998/1991,
- (2) Erf 431, New Redruth soos aangetoon op Kaart L.G. No. A1999/1991,
- (3) Erf 490, New Redruth soos aangetoon op Kaart L.G. No. A2000/1991,
- (4) Erf 991, New Redruth soos aangetoon op Kaart L.G. No. A2001/1991.

KENNISGEWING 10 VAN 1992

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUI-
SING EN WERKE

VOLKSRAAD

STADSRAAD VAN ROODEPOORT: PROKLAMERING
VAN 'N PAD

Ek, Lucas Johannes Nel, Ministeriële Verteenwoordiger van die Volksraad, Suid- en Oos-Transvaal, handelende namens die Minister van Plaaslike Bestuur: Volksraad, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 4 van die Local Authorities Roads Ordinance, 1904 (Ordonnansie 44 van 1904) proklameer hierby die pad soos in die Bylae hierby omskryf, tot 'n openbare pad onder die regsbevoegdheid van die Stadsraad van Roodepoort.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 29 ste dag van Januarie Eenduisend Negehoonderd Twee-en-Negentig.

L J NEL
Ministeriële Verteenwoordiger: Volksraad
BYLAE

'n Pad oor Hoewe 39, Culembееcklandbouhoewes soos aangetoon op kaart L.G. No A 4046/1991.

Official Notices

NOTICE 9 OF 1992

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUSING
AND WORKS

HOUSE OF ASSEMBLY

TOWN COUNCIL OF ALBERTON: PROCLAMATION OF
ROADS

I, Lucas Johannes Nel, Ministerial Representative of the House of Assembly, Southern and Eastern Transvaal, acting on behalf of the Minister of Local Government: House of Assembly, under the powers vested in him by section 4 of the Local Authorities Roads Ordinance, 1904 (Ordinance 44 of 1904) hereby proclaim the roads as described in the Schedule hereto, as public roads under the jurisdiction of the Town Council of Alberton.

Given under my Hand at Pretoria on this 29th day of January One Thousand Nine Hundred and Ninety Two.

L J NEL
Ministerial Representative: House of Assembly
SCHEDULE

Roads over –

- (1) Erf 413, New Redruth as indicated on Diagram S.G. No. A1998/1991,
- (2) Erf 431, New Redruth as indicated on Diagram S.G. No. A1999/1991,
- (3) Erf 490, New Redruth as indicated on Diagram S.G. No. A2000/1991,
- (4) Erf 991, New Redruth as indicated on Diagram S.G. No. A2001/1991.

12

OFFICIAL NOTICE 10 OF 1992

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUSING
AND WORKS

HOUSE OF ASSEMBLY

CITY COUNCIL OF ROODEPOORT: PROCLAMATION
OF A ROAD

I, Lucas Johannes Nel, Ministerial Representative of the House of Assembly, Southern and Eastern Transvaal, acting on behalf of the Minister of Local Government: House of Assembly, under the powers vested in him by section 4 of the Local Authorities Roads Ordinance, 1904 (Ordinance 44 of 1904) hereby proclaim the road as described in the Schedule hereto, as a public road under the jurisdiction of the City Council of Roodepoort.

Given under my Hand at Pretoria on this 29th day of January One Thousand Nine Hundred and Ninety Two.

L J NEL
Ministerial Representative: House of Assembly
SCHEDULE

A road over Holding 39, Culembееck Agricultural Holdings as indicated on diagram S.G. No A 4046/1991.

12

KENNISGEWING 11 VAN 1992

WYSIGINGSKENNISGEWING

UITBREIDING VAN GRENSE VAN DIE DORP LONG-DALE

1. Offisiële Kennisgewing "1 van 1991" soos dit in die Provinsiale koerant van 1 Januarie 1992 voorkom word hiermee verbeter deur die uitdrukking "1 van 1991" te vervang met die uitdrukking "1 van 1992".

2. Wysig die eiendomsbeskrywing in die aanhef tot die Bylae om soos volg te lees: "Gedeelte 285 ('n Gedeelte van Gedeelte 205)".

PB 4-8-2-788-1

KENNISGEWING 12 VAN 1992

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUISING EN WERKE

ADMINISTRASIE VOLKSRAAD

KEMPTON PARK -WYSIGINGSKEMA 225

Die Minister vir Streekontwikkeling en van Begroting en Plaaslike Bestuur verklaar hiermee, ingevolge die bepalings van artikel 125(1)(c) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, dat hy 'n wysigingskema synde 'n wysiging van Kempton Park dorpsbeplanningskema 1987 wat uit dieselfde grond bestaan as dit waarmee die grense van die dorp Spartan Uitbreiding 7 uitgebrei word, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word bewaar deur die Departementshoof van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Pretoria, en die Stadsklerk van Kempton Park en is vir inspeksie beskikbaar te alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Kempton Park-wysigingskema 225

PB. 4-9-2-16H-225

KENNISGEWING 13 VAN 1992

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUISING EN WERKE

ADMINISTRASIE VOLKSRAAD

UITBREIDING VAN GRENSE VAN DIE DORP SPARTAN UITBREIDING 7, PROVINSIE TRANSVAAL

Ingevolge artikel 49(1) van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet 47 van 1937), gelees met artikel 88 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), brei ek hiermee die grense van die dorp Spartan Uitbreiding 7 uit deur Gedeelte 324 ('n Gedeelte van Gedeelte 101) van die plaas Zuurfontein No 33-IR daarin op te neem onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

NOTICE 11 OF 1992

CORRECTION NOTICE

EXTENSION OF BOUNDARIES OF LONGDALE TOWNSHIP

1. Official Notice "1 of 1991" as it appears in the Provincial Gazette of 1 January 1992 is hereby amended by the substitution for the expression "1 of 1991" of the expression "1 of 1992".

2. Amend the property description in the preamble to the Annexure to read as follows: "Portion 285 (a Portion of Portion 205)".

PB 4-8-2-788-1

12

NOTICE 12 OF 1992

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUSING AND WORKS

HOUSE OF ASSEMBLY

KEMPTON PARK AMENDMENT SCHEME 225

The Minister of Regional Development and the Budget and Local Government hereby declares, in terms of the provisions of Section 125(1)(c) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that he has approved an amendment scheme, being an amendment of Kempton Park Town-planning Scheme 1987 comprising the same land as that by which the boundaries of Spartan Extension 7 township are being extended.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Head of the Department of Local Government, Housing and Works, Pretoria, and the Town Clerk of Kempton Park and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Kempton Park Amendment Scheme 225

PB. 4-9-2-16H-225

12

NOTICE 13 OF 1992

DEPARTMENT OF LOCAL AUTHORITY, HOUSING AND WORKS

HOUSE OF ASSEMBLY

EXTENSION OF BOUNDARIES OF THE TOWNSHIP SPARTAN EXTENSION 7, PROVINCE OF TRANSVAAL

In terms of Section 49(1) of the Deeds Registries Act, 1937 (Act 47 of 1937), read with Section 88 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), I hereby extend the boundaries of Spartan Extension 7 Township to include Portion 324 (a Portion of Portion 101) of the farm Zuurfontein No 33-IR subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 29ste dag van Januarie Eenduisend Negehoenderd Twee en Negentig.

DR L.J. NEL
Ministeriële Verteenwoordiger
PB 4-8-2-4269-1

BYLAE

1. VOORWAARDES VAN UITBREIDING

(1) BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES

Die erf moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en servitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale, maar uitgesonderd die volgende servitute wat nie die erf raak nie:

- (a) Notariële Akte van Servituut K8/1929 S
- (b) Notariële Akte van Servituut K1155/1969 S
- (2) TOEGANG

Geen ingang van Provinsiale Pad PWV3 tot die erf en geen uitgang tot Provinsiale Pad PWV3 uit die erf word toegelaat nie.

(3) ONTVANGS EN VERSORGING VAN STORMWATER

Die erfeienaar moet die stormwaterdreinerings van die erf so reël dat dit inpas by die van Pad PWV3 en moet die stormwater wat van die pad afloop of afgelei word, ontvang en versorg.

(4) KONSOLIDASIE VAN ERF

Die erfeienaar moet op eie koste die erf laat konsolideer met die aangrensende erwe in die dorp Spartan Uitbreiding 7.

2. TITELVOORWAARDES

Die erf is onderworpe aan die volgende voorwaardes opgelê ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986.

(1) Die erf is onderworpe aan 'n servituut 2 m breed, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele servituut vir munisipale doeleindes 2 m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur. Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige servituut mag afsien.

(2) Geen geboue of ander struktuur mag binne die voornoemde servituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige servituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.

(3) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke wat hy volgens goeë dunske noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde servituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwyderings van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

(4) Die erf is onderworpe aan 'n servituut vir paddoeleindes ten gunste van die plaaslike bestuur. By die indiening van 'n sertifikaat deur die plaaslike bestuur aan die Registrateur van Aktes waarin vermeld word dat sodanige servituut nie meer benodig word nie, veral die voorwaarde.

Given under my Hand at Pretoria on this 29th day of January One thousand Nine Hundred and Ninety Two.

DR L.J. NEL
Ministerial Representative
PB 4-8-2-4269-1

ANNEXURE

1. CONDITIONS OF EXTENSION

(1) DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE

The erf shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals, but excluding the following servitudes which do not affect the erf:

- (a) Notarial Deed of Servitude K8/1929 S
- (b) Notarial Deed of Servitude K1155/1969 S
- (2) ACCESS

No ingress from Provincial Road PWV3 to the erf and no egress to Provincial Road PWV3 from the erf shall be allowed.

(3) ACCEPTANCE AND DISPOSAL OF STORMWATER

The erf owner shall arrange for the drainage of the erf to fit in with that of Road PWV3 and for all stormwater running off or being diverted from the road to be received and disposed of.

(4) CONSOLIDATION OF ERF

The erf owner shall at its own expense cause the erf to be consolidated with the adjacent erven in Spartan Extension 7 Township.

2. CONDITIONS OF TITLE

The erf shall be subject to the following conditions imposed in terms of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986.

(1) The erf is subject to a servitude, 2 m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a pan-handle erf, an additional servitude for municipal purposes 2 m wide across the access portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.

(2) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.

(3) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

(4) The erf is subject to a servitude for road purposes in favour of the local authority. On submission of a certificate from the local authority to the Registrar of Deeds stating that the servitude is no longer required, this condition shall lapse.

Algemene Kennisgewings

KENNISGEWING 319 VAN 1992

STADSRAAD VAN PRETORIA

KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA

Die Stadsraad van Pretoria gee hiermee ingevolge artikel 28(1)(a), gelees met artikel 55, van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat 'n ontwerp dorpsbeplanningskema wat bekend sal staan as Pretoria-wysigingskema 3611, deur hom opgestel is.

Hierdie skema is 'n wysiging van die Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, en behels die hersonering van 'n gedeelte van Ben van Tonderlaan, aangrensend aan Erf 2120/57, Villieria, van Bestaande Straat tot Spesiale Woon met 'n digtheid van een woonhuis per 700 m².

Die ontwerp skema lê gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer 3013, Derde Verdiepung, Wesblok, Munitoria, Van der Waltstraat, Pretoria, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 5 Februarie 1992 ter insae.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die skema moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 5 Februarie 1992 skriftelik by die Stadsekretaris by bovermelde kantoor ingedien word of aan hom by Posbus 440, Pretoria 0001, gepos word.

(K13/4/6/3611)

J.N. REDELINGHUIJS
Stadsklerk

5 Februarie 1992
Kennisgewing No. 87/1992

KENNISGEWING 320 VAN 1992

STADSRAAD VAN PRETORIA

KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA

Die Stadsraad van Pretoria gee hiermee ingevolge artikel 28(1)(a), gelees met artikel 55, van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat 'n ontwerp dorpsbeplanningskema wat bekend sal staan as Pretoria-wysigingskema 3948, deur hom opgestel is.

Hierdie skema is 'n wysiging van die Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, en behels die hersonering van 'n gedeelte van Dale Hayesstraat, Garsfontein-uitbreiding 8, aangrensend aan Erf 1837 van Openbare Straat tot Spesiaal vir tuinbou doeleindes.

Die ontwerp skema lê gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer 3008, Derde Verdiepung, Wesblok, Munitoria, Van der Waltstraat, Pretoria, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 5 Februarie 1992 ter insae.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die skema moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 5 Februarie 1992 skriftelik by die Stadsekretaris by bovermelde kantoor ingedien word of aan hom by Posbus 440, Pretoria 0001, gepos word.

(K13/4/6/3948)

J.N. REDELINGHUIJS
Stadsklerk

5 Februarie 1992
Kennisgewing No. 85/1992

General Notices

NOTICE 319 OF 1992

CITY COUNCIL OF PRETORIA

NOTICE OF DRAFT SCHEME

The City Council of Pretoria hereby gives notice in terms of section 28(1)(a), read with section 55, of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that a draft town-planning scheme to be known as Pretoria Amendment Scheme 3611, has been prepared by it.

This scheme is an amendment of the Pretoria Town-planning Scheme, 1974, and contains the rezoning of a portion of Ben van Tonder Avenue, adjacent to Erf 2120/57, Villieria, from Existing Street to Special Residential with a density of one dwelling-house per 700 m².

The draft scheme is open to inspection during normal office hours at the office of the City Secretary, Room 3013, Third Floor, West Block, Munitoria, Van der Walt Street, Pretoria, for a period of 28 days from 5 February 1992.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged in writing with the City Secretary at the above office or posted to him at PO Box 440, Pretoria 0001, within a period of 28 days from 5 February 1992.

(K13/4/6/3611)

J.N. REDELINGHUIJS
Town Clerk

5 February 1992
Notice No. 87/1992

5-12

NOTICE 320 OF 1992

CITY COUNCIL OF PRETORIA

NOTICE OF DRAFT SCHEME

The City Council of Pretoria hereby gives notice in terms of section 28(1)(a), read with section 55, of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that a draft town-planning scheme to be known as Pretoria Amendment Scheme 3948, has been prepared by it.

This scheme is an amendment of the Pretoria Town-planning Scheme, 1974, and contains the rezoning of a portion of Dale Hayes Street, adjacent to Erf 1837, Garsfontein Extension 8, from Public street to Special for gardening purposes.

The draft scheme is open to inspection during normal office hours at the office of the City Secretary, Room 3014, Third Floor, West Block, Munitoria, Van der Walt Street, Pretoria, for a period of 28 days from 5 February 1992.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged in writing with the City Secretary at the above office or posted to him at PO Box 440, Pretoria 0001, within a period of 28 days from 5 February 1992.

(K13/4/6/3948)

J.N. REDELINGHUIJS
Town Clerk

5 February 1992
Notice No. 85/1992

5-12

KENNISGEWING 321 VAN 1992

STADSRAAD VAN PRETORIA

KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA

Die Stadsraad van Pretoria gee hiermee ingevolge artikel 28(1)(a), gelees met artikel 55, van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat 'n ontwerp dorpsbeplanningskema wat bekend sal staan as Pretoria-wysigingskema 3487, deur hom opgestel is.

Hierdie skema is 'n wysiging van die Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, en behels die hersonering van Erf 102, Alphen Park, van Bestaande Straat tot Spesiaal vir parkeer, onderworpe aan sekere voorwaardes.

Die ontwerp skema lê gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer 3008, Derde Verdieping, Wesblok, Munitoria, Van der Waltstraat, Pretoria, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 5 Februarie 1992 ter insae

Besware teen of vertoë ten opsigte van die skema moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 5 Februarie 1992 skriftelik by die Stadsekretaris by bovermelde kantoor ingedien word of aan hom by Posbus 440, Pretoria 0001, gepos word

(K13/4/6/3487)

J.N. REDELINGHUIJS
Stadsklerk

5 Februarie 1992
Kennisgewing No. 83/1992

KENNISGEWING 322 VAN 1992

STADSRAAD VAN PRETORIA

KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA

Die Stadsraad van Pretoria gee hiermee ingevolge artikel 28(1)(a), gelees met artikel 55, van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat 'n ontwerp dorpsbeplanningskema wat bekend sal staan as Pretoria-wysigingskema 3964, deur hom opgestel is.

Hierdie skema is 'n wysiging van die Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, en behels die hersonering van Erwe 306 en 307, Waterkloof Ridge van Munisipaal tot Spesiale woon met 'n digtheid van een woonhuis per 1 500 m².

Die ontwerp skema lê gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer 3008, Derde Verdieping, Wesblok, Munitoria, Van der Waltstraat, Pretoria, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 5 Februarie 1992 ter insae.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die skema moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 5 Februarie 1992 skriftelik by die Stadsekretaris by bovermelde kantoor ingedien word of aan hom by Posbus 440, Pretoria 0001, gepos word.

(K13/4/6/3964)

J.N. REDELINGHUIJS
Stadsklerk

5 Februarie 1992
Kennisgewing No. 82/1992

NOTICE 321 OF 1992

CITY COUNCIL OF PRETORIA

NOTICE OF DRAFT SCHEME

The City Council of Pretoria hereby gives notice in terms of section 28(1)(a), read with section 55, of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that a draft town-planning scheme to be known as Pretoria Amendment Scheme 3487, has been prepared by it.

This scheme is an amendment of the Pretoria Town-planning Scheme, 1974, and contains the rezoning of Erf 102, Alphen Park, from Existing Street to Special for parking, subject to certain conditions.

The draft scheme is open to inspection during normal office hours at the office of the City Secretary, Room 3008, Third Floor, West Block, Munitoria, Van der Walt Street, Pretoria, for a period of 28 days from 5 February 1992.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged in writing with the City Secretary at the above office or posted to him at PO Box 440, Pretoria 0001, within a period of 28 days from 5 February 1992.

(K13/4/6/3487)

J.N. REDELINGHUIJS
Town Clerk

5 February 1992
Notice No. 83/1992

5-12

NOTICE 322 OF 1992

CITY COUNCIL OF PRETORIA

NOTICE OF DRAFT SCHEME

The City Council of Pretoria hereby gives notice in terms of section 28(1)(a), read with section 55, of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that a draft town-planning scheme to be known as Pretoria Amendment Scheme 3964, has been prepared by it.

This scheme is an amendment of the Pretoria Town-planning Scheme, 1974, and contains the rezoning of Erven 306 and 307, Waterkloof Ridge from Municipal to Special Residential with a density of one dwelling-house per 1 500 m².

The draft scheme is open to inspection during normal office hours at the office of the City Secretary, Room 3008, Third Floor, West Block, Munitoria, Van der Walt Street, Pretoria, for a period of 28 days from 5 February 1992.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged in writing with the City Secretary at the above office or posted to him at PO Box 440, Pretoria 0001, within a period of 28 days from 5 February 1992.

(K13/4/6/3964)

J.N. REDELINGHUIJS
Town Clerk

5 February 1992
Notice No. 82/1992

5-12

KENNISGEWING 332 VAN 1992

JOHANNESBURG-WYSIGINGSKEMA 3741

BYLAE 8

(Regulasie 11(2))

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DORPSBEPLANNINGSKEMA INGEVOLGE ARTIKEL 56(1)(b)(i) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986)

Ek, Barbara Joan Quilliam, synde die gemagtigde agent van die eienaars van Gedeelte 1 van Erf 7 en 1 van Erf 8, Turffontein Wes gee hiermee ingevolge artikel 56(1)(b)(i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat ek by die Grootstadsraad van Johannesburg aansoek gedoen het om die wysiging van die dorpsbeplanningskema bekend as Johannesburg-dorpsbeplanningskema, 1979, deur die heronering van bogenoemde eiendom, geleë te Beaumontstraat 72, Turffontein Wes, van "Residensieel 4 plus kantore met toestemming" tot "Residensieel 4 plus kantore, die maak en herstel van juweliersware, insluitende verwante kleinhandel funksies. Groothandel motor makelary insluitende die opberging van motors."

2. Application for consent use subject to the provisions of Clause 31 of the Town-planning Scheme:

3. Approval of a site development plan in terms of Town-planning Scheme in operation:

4. Application for amendment of a Town planning Scheme (Section 56(1) read with 57(1)):

5. Application for the repeal of an approve scheme or repeal of a condition or conditions of an approved scheme (Section 62(1)(3)); (Section 63(2)):

6. Application for the reasons of a Council Resolution in respect of a draft Town-planning Scheme (Section 57(1)); Right of use - Local Authority (Section 20(6)(B)); Subdivision (Section 92(2)(b)):

7. Application for Township Establishments (Section 96(1) & Section 96(2)):

- 8. Application to substantially amend the application while establishment of the Township is pending (Section 96(4));
- 9. Notice of proclamation of Township (Section 103(1) & 125(1));
- 10. Application for amendment scheme (Section 125(3)): (Map 3 shall be compiled by applicant);
- 11. Application for extension of boundaries of a township (Section 88(1) & 88(2) read with 69(6));
- 12. Application for the subdivision of an erf (Section 92(1));
- 13. Application for the consolidation of erven (Section 92(1));
- 14. For the conducting of a hearing in respect of any application:

PART II

Monies payable in terms of the Division of Land Ordinance, 1986:

- 1. Application for the division of land (Section 6(1));
- 2. Application for the amendment of an application (Section 17(3));
- 3. Publication of a notice of application in the Provincial Gazette and newspapers (Section 6(8) and/or 17(3));
- 4. For the conducting of a hearing in respect of any application (Section 34);
- 5. Application for the reasons of a Council Resolution in respect of a subdivision (Section 10(5));

P J JACOBS
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 25
Edenvale
1610
12 February 1992
Notice No. 7/1992

12

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
373

STADSRAAD VAN HEIDELBERG, TVL
WYSIGING VAN DIE VASSTELLING VAN
GELDE VIR DIE LEWERING VAN RIOLE-
RINGSDIENSTE

Dit word hierby ingevolge die bepalings van artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend gemaak dat die Stadsraad van Heidelberg, Transvaal by spesiale besluit die Vasstelling van Gelde vir die Lewering van Rioleringsdienste afgekondig onder Plaaslike Bestuurskennisgewing 3193 van 25 Oktober 1989 verder gewysig het deur Deel III van die Bylae met ingang van 1 Desember 1991 soos volg te wysig:

- 1. Deur item 3(1)(b) deur die volgende te vervang:

"(b) in ooreenstemming met die volgende formule:

$$C_n = C_t \left(0,29 \frac{Q_n}{Q_t} + 0,26 \frac{COD_n}{COD_t} + 0,15 \frac{N_n}{N_t} + 0,16 \frac{P_n + 0,14 \frac{S_n}{S_t}}{P_t} \right)$$

- Cn Gelde deur 'n enkele bydraer betaalbaar in rand per kiloliter per maand
- Ct Totale maandelikse bedryfskoste
- Q Maandelikse vloei in megaliter
- COD Gemiddelde maandelikse CSB in kg/maand
- N Gemiddelde maandelikse ammoniak konsentrasie in kg/maand
- P Gemiddelde maandelikse orthofosfaat konsentrasie in kg/maand
- S Gemiddelde maandelikse swewende vaste stowwe konsentrasie in kg/maand
- n verbruiker
- t totaal

met 'n minimum koste van 35,0 sent per kiloliter nywerheidsuitvloeisel wat in die straatrool ont-las word: Met dien verstande dat die Raad in 'n gegewe geval volkome na goeddunke die mini-mum bedrag wat voorgeskryf word, kan hef sonder om die uitvloeisel te bemonster."

- 2. Deur item 3(3) te skrap; en
- 3. Deur subitem (4), (5), (6), (7) en (8) van item 3 onderskeidelik te hernoem na subitem (3), (4), (5), (6) en (7).

G F SCHOLTZ
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 201
Heidelberg, Tvl.
2400
24 Januarie 1992
Kennisgewing Nr. 1/1992

LOCAL AUTHORITY NOTICE 373

TOWN COUNCIL OF HEIDELBERG,
TRANSVAAL

AMENDMENT TO THE DETERMINATION
OF CHARGES FOR THE SUPPLY OF
SEWERAGE SERVICES

It is hereby notified in terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Heidelberg, Transvaal has by special resolution further amended the Determination of Charges for the Supply of Sewerage Services as published under Local Authority Notice 3193 dated 25 October 1989 by amending Part III of the Schedule as follows with effect from 1 December 1991:

- 1. By the substitution for item 3(1)(b) of the following:

"(b) in accordance with the following formula:

$$C_n = C_t \left(0,29 \frac{Q_n}{Q_t} + 0,26 \frac{COD_n}{COD_t} + 0,15 \frac{N_n}{N_t} + 0,16 \frac{P_n + 0,14 \frac{S_n}{S_t}}{P_t} \right)$$

- Cn Fees payable by a single contributor in Rand per kilolitre per month
- Ct Monthly total running cost
- Q Monthly flow in megalitre
- COD Monthly average COD load in kg/month

- N Monthly average ammoniac concen-trate in kg/month
- P Monthly average orthophosphate load in kg/month
- S Monthly average suspended solids load in kg/month
- n consumer
- t total

with a minimum charge of 35,0 cent per kilolitre industrial effluent which is discharged in the sewer: Provided that the Council may in its sole discretion in any given case impose the mini-mum charge prescribed above without taking any samples of the effluent."

- 2. By the deletion of item 3(3); and
- 3. By the re-numbering of sub items (4), (5), (6), (7) and (8) of item 3 to read sub items (3), (4), (5), (6) and (7) respectively.

G F SCHOLTZ
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 201
Heidelberg, Tvl.
2400
24 January 1992
Notice No. 1/1992

12

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
374

STAD JOHANNESBURG

KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA
(WYSIGINGSKEMA 3716)

Die Stadsraad van Johannesburg gee hierby ingevolge artikel 28(1)(a) gelees saam met arti-kel 55 van die Ordonnansie op Dorpsbeplan-nig en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986) kennis dat 'n ontwerp dorpsbeplanningskema, wat as Johannesburg se Wysigingskema 3716 bekend gaan staan, deur hom opgestel is.

Hierdie skema is 'n Wysigingskema en bevat die volgende voorstelle:

Om Erf 1520 Riverlea Uitbreiding 2 vanaf Inrigting na Opvoedkundig te hersoneer.

Die uitwerking hiervan is om die oprigting van kerk en kleuterskoolfasiliteite toe te laat.

Die ontwerp skema is vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 12 Februarie 1992 gedurende gewone kantoorure ter insae in die kantoor van die Stadsklerk, p.a. Die Beplanningsdepartement, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braam-fontein, Johannesburg.

Besware teen of verhoë in verband met die skema moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 12 Februarie 1992 skriftelik by die Stadsklerk by bogenoemde adres besorg of aan Posbus 30733, Braamfontein, 2017, gerig word.

GRAHAM COLLINS
Stadsklerk

Burgersentrum
Braamfontein
Johannesburg

LOCAL AUTHORITY NOTICE 374

CITY OF JOHANNESBURG

NOTICE OF DRAFT SCHEME

(AMENDMENT SCHEME 3716)

The City Council of Johannesburg hereby give notice in terms of Section 28(1)(a) read with Section 55 of the Town Planning and Townships Ordinance 1986 (Ordinance 15 of 1986) that a draft Town Planning Scheme, to be known as Johannesburg Amendment Scheme 3716 has been prepared by it.

This scheme will be an Amendment Scheme and contains the following proposals:

To rezone Erf 1520 Riverlea Extension 2 from Institutional to Educational.

The effect is to permit the erection of church and crèche facilities on the site.

The draft scheme will lie for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk, c/o Planning Department, Seventh Floor, Room 760, Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg, for a period of 28 days from 12 February 1992

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged with or made in writing to the Town Clerk at the above address or at P O Box 30733, Braamfontein, 2017, within a period of 28 days from 12 February 1992

GRAHAM COLLINS
Town Clerk

Civic Centre
Braamfontein
Johannesburg

12-19

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 375

STADSRAAD VAN KLERKSDORP

WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE

Hiermee word kennis gegee ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad voornemens is om sy Elektrisiteitsverordeninge te wysig ten einde voorsiening te maak vir die verhoging van sekere tariewe vir diverse dienste om kostestygings die hoof te bied.

'n Afskrif van die voormelde wysiging sal gedurende gewone kantoorure by kamer 111, Burgersentrum vir 'n tydperk van veertien dae vanaf die publikasie van hierdie kennisgewing, ter insae lê.

Enige persoon wat beswaar teen die voorgestelde wysiging wil aanteken moet sodanige beswaar skriftelik binne veertien dae na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant by die ondergetekende indien.

J L MULLER
Stadsklerk

Burgersentrum
Klerksdorp
27 Januarie 1992
Kennisgewing No. 14/1992

LOCAL AUTHORITY NOTICE 375

TOWN COUNCIL OF KLERKSWRP

AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that it is the intention of the Town Council to amend its Electricity By-Laws in order to provide for an increase in certain charges for sundry services to cope with cost increases.

A copy of the proposed amendment will lie for inspection at Room 111, Civic Centre during normal office hours for a period of fourteen days from the date of publication of this notice.

Any person who has any objection to the proposed amendment must lodge his objection in writing with the undersigned within a period of fourteen days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

J L MULLER
Town Clerk

Civic Centre
Klerksdorp
27 January 1992
Notice No. 14/1992

12

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 376

STADSRAAD VAN KLERKSDORP

GOEDKEURING VAN WYSIGING VAN DORPSBEPLANNINGSKEMA

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 57(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, bekend gemaak dat die Stadsraad van Klerksdorp goedgekeur het dat Klerksdorp-dorpsbeplanningskema, 1980, gewysig word deur die hersonering van erwe 563 en 564, Klerksdorp (Nuwedorp) van "Residensieel 4" na "Besighid 1".

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Stadsklerk, Klerksdorp en die Direkteur-generaal: Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Pretoria en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Klerksdorp-wysigingskema 340 en tree in werking op datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

J L MULLER
Stadsklerk

Burgersentrum
Klerksdorp
22 Januarie 1992
Kennisgewing No. 19/1992

LOCAL AUTHORITY NOTICE 376

TOWN COUNCIL OF KLERKSDORP

APPROVAL OF AMENDMENT TO TOWN-PLANNING SCHEME

It is hereby notified in terms of section 57(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the Town Council of Klerksdorp has approved the amendment of Klerksdorp Town-planning Scheme, 1980, by the rezoning of erven 563 and 564, Klerksdorp (New Town) from "Residential 4" to "Business 1."

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Town Clerk, Klerksdorp and the Director-general: Department of Local Government, Housing and Works, Pretoria and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Klerksdorp Amendment Scheme 340 and shall come into operation on the date of publication of this notice.

J L MULLER
Town Clerk

Civic Centre
Klerksdorp
22 January 1992
Notice No. 9/1992

12

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 377

STADSRAAD VAN KRUGERSDORP

WYSIGING VAN SWEMBADVERORDENINGE

Die Stadsklerk van Krugersdorp publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit wat deur die Raad ingevolge artikel 96 van voornoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Swembadverordeninge van die Munisipaliteit Krugersdorp, afgekondig by Administrateurskennisgewing 850 van 11 Desember 1957, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur artikel 4 soos volg te wysig:

1. Deur die opskrif deur die volgende te vervang:

"Reg van toegang word voorbehou en beperking op getal gebruikers".

2. Deur na die eerste paragraaf die volgende paragraaf by te voeg:

"Die maksimum getal gebruikers wat per dag by enige van die Raad se swembaddens toegelaat word sal tot 200 persone op enige gegewe tydperk beperk word."

M C C OOSTHUIZEN
Stadsklerk

Burgersentrum
Posbus 94
Krugersdorp
1740
12 Februarie 1992
Kennisgewing Nr. 23/1992

LOCAL AUTHORITY NOTICE 377

TOWN COUNCIL OF KRUGERSDORP

AMENDMENT TO SWIMMING-BATH BY-LAWS

The Town Clerk of Krugersdorp hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the By-laws set forth hereinafter, which have been approved by the Council in terms of section 96 of the said Ordinance.

The Swimming-bath By-laws of the Krugersdorp Municipality, published under Administrator's Notice 850, dated 11 December 1957, as amended, are hereby further amended by amending section 4 as follows:

1. By the substitution of the title as follows:

"Right of Admission Reserved and Restriction on Number of Users".

2. By the insertion after the first paragraph of the following paragraph:

"The maximum number of users which will be admitted to any of the Council's swimming-baths at any given time will be limited to 200."

M C C OOSTHUIZEN
Town Clerk

Civic Centre
PO Box 94
Krugersdorp
1740
12 February 1992
Notice No. 23/1992

12

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 378

STADSRAAD VAN KRUGERSDORP

VASSTELLING VAN GELDE BETAAL- BAAR INGEVOLGE DIE SWEMBAD- VERORDENINGE

Ooreenkomstig artikel 80(B)(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hiermee bekend gemaak dat die Stadsraad van Krugersdorp met ingang 22 November 1991 die huidige tariewe geskrap en die gelde soos in die onderstaande Bylae uiteengesit, vasgestel het.

"BYLAE

TARIEF VAN GELDE

1. Seisoenkaartjies: Voorkeurtarief vir inwoners by voorlegging van identifikasiekaartjies deur die Raad uitgereik

(1) Volwassenes: R20.

(2) Kinders onder 18 jaar: R8.

(3) Gesinne: R35.

(4) Krugersdorp Munisipale Sport- en Ontspanningsklub: R20.

(5) Goedgekeurde swemklubs: R20.

2. Seisoenkaartjies vir skole in die munisipale gebied van Krugersdorp

Per skool, met vooraf reëling, kinders onder toesig en slegs gedurende skoolure: R60.

3. Enkeltoegangkaartjies

(1) Inwoners: Voorkeurtarief by voorlegging van identifikasiekaartjies deur die Raad uitgereik

(a) Volwassenes: 60c.

(b) Kinders onder 18 jaar: 30c.

(c) Kinders onder 6 jaar vergesel van 'n volwassene: Gratis.

(d) Pensioenarisse: Gratis (met bewyslewing).

(2) Nie-inwoners

(1) Volwassenes: R6.

(2) Kinders: R3.

4. Toeskouers: Die gelde betaalbaar onder item 3 word gevorder.

5. Huur van swembad vir galas, watersport of wedstryde

(1) Van 12:30 tot 17:00: R25. (Uitgesonderd Saterdagmiddae, Sondae en openbare vakansiedae).

(2) Van 17:00 tot 21:30: R50 alles insluitend.

(3) Waterpolo op Saterdag van 16:00 tot 17:00: R25.

M C C OOSTHUIZEN
Stadsklerk

Burgersentrum
Posbus 94
Krugersdorp
1740
12 Februarie 1992
Kennisgewing Nr. 21/1992

LOCAL AUTHORITY NOTICE 378

TOWN COUNCIL OF KRUGERSDORP

DETERMINATION OF CHARGES PAYABLE IN TERMS OF THE SWIMMING BATH BY-LAWS

In accordance with section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Town Council of Krugersdorp with effect from 22 November 1991 revoked the present tariffs and substituted same by the tariffs determined as set out in the undermentioned Schedule.

"SCHEDULE

TARIFF OF CHARGES

1. Season tickets: Priority tariff by presenting an identification card issued by the Council

(1) Adults: R20.

(2) Children under 18 years: R8.

(3) Families: R35.

(4) Krugersdorp Municipal Sports and Recreation Club: R20.

(5) Approved swimming clubs: R20.

2. Season tickets for schools in the municipal area of Krugersdorp

Per school, with prior arrangement, children under supervision and only during school hours: R60.

3. Single admission tickets

(1) Residents: Priority tariff by presenting an identification card issued by the Council

(a) Adults: 60c.

(b) Children under 18 years: 30c.

(c) Children under 6 years accompanied by an adult: Free of charge.

(d) Pensioners: Free of charge (with furnishing of proof).

(2) Non-residents

(a) Adults: R6.

(b) Children: R3.

4. Spectators: The charges payable in terms of item 3 shall be charged.

5. Renting of swimming pool for galas, aquatic sports or competitions

(1) From 12:30 to 17:00: R25. (Except Saturday afternoons, Sundays and public holidays).

(2) From 17:00 to 21:30: R50 all inclusive.

(3) Water polo on Saturdays from 16:00 to 17:00: R25.

M C C OOSTHUIZEN
Town Clerk

Civic Centre
PO Box 94
Krugersdorp
1740
12 February 1992
Notice No. 21/1992

12

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 379

BYLAE 11

PLAASLIKE BESTUUR VAN MIDDEL- BURG

WAARDERINGSGLYS VIR DIE BOEKJARE 1991/95

(Regulasie 12)

Kennis word hierby ingevolge Artikel 16(4)(a) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Bestuur, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), gegee dat die waarderingsgls vir die boekjare 1991/95 van alle belasbare eiendom binne die munisipaliteit deur die Voorsitter van die Waarderingsraad gesertifiseer en geteken is en gevolglik finaal en bindend geword het op alle betrokke persone soos in Artikel 16(3) van daardie Ordonnansie beoog.

Die aandag word egter gevestig op Artikel 17 of 38 van die gemelde Ordonnansie wat soos volg bepaal:

"Reg van appèl teen beslissing van waarderingsraad.

17. (1) 'n Beswaarmaker wat voor 'n waarderingsraad verskyn het of verteenwoordig was, met inbegrip van 'n beswaarmaker wat 'n antwoord soos in Artikel 15(4) beoog, ingedien of voorgelê het, kan teen die beslissing van sodanige raad ten opsigte waarvan hy 'n beswaarmaker is, binne dertig dae vanaf die datum van die publikasie in die Provinsiale Koerant van die kennisgewing in Artikel 16(4)(a) genoem of, waar die bepalings van Artikel 16(5) van toepassing is, binne een-en-twintig dae na die dag waarop die redes daarin genoem, aan sodanige beswaarmaker gestuur is, appèl aanteken deur by die Sekretaris van sodanige raad 'n kennisgewing van appèl op die wyse soos voorgeskryf en in ooreenstemming met die prosedure soos voorgeskryf in te dien en sodanige sekretaris stuur onverwyld 'n afskrif van sodanige kennisgewing van appèl aan die waardeerder en aan die betrokke plaaslike bestuur.

(2) 'n Plaaslike bestuur wat nie 'n beswaarmaker is nie, kan teen enige beslissing van 'n waarderingsraad appèl aanteken op die wyse in subartikel (1) beoog en enige ander persoon wat nie 'n beswaarmaker is nie maar wat regstreeks deur 'n beslissing van 'n waarderingsraad geraak word, kan op dergelike wyse, teen sodanige beslissing appèl aanteken."

'n Vorm vir kennisgewing van appèl kan van die Sekretaris van die Waarderingsraad verkry word.

W O READ
Sekretaris: Waarderingsraad

Munisipale Kantore
Posbus 14
Wandererslaan
Middelburg
1050
12 Februarie 1992

LOCAL AUTHORITY NOTICE 379

SCHEDULE 11

LOCAL AUTHORITY OF MIDDELBURG VALUATION ROLL FOR THE FINANCIAL YEARS 1991/95

(Regulation 12)

Notice is hereby given in terms of Section 16(4)(a) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the valuation roll for the financial years 1991/95 of all rateable property within the municipality has been certified and signed by the chairman of the valuation board and has therefore become fixed and binding upon all persons concerned as contemplated in section 16(3) of that Ordinance.

However, attention is directed to section 17 or 38 of the said Ordinance, which provides as follows:

"Right of appeal against decision of valuation board.

17. (1) An objector who has appeared or has been represented before a valuation board, including an objector who has lodged or presented a reply contemplated in section 15(4), may appeal against the decision of such board in respect of which he is an objector within thirty days from the date of the publication in the Provincial Gazette of the notice referred to in section 16(4)(a) or, where the provisions of section 16(5) are applicable, within twenty-one days after the day on which the reasons referred to therein, were forwarded to such objector, by lodging with the Secretary of such board a notice of appeal in the manner and in accordance with the procedure prescribed and such secretary shall forward forthwith a copy of such notice of appeal to the valuer and to the local authority concerned.

(2) A local authority which is not an objector may appeal against any decision of a valuation board in the manner contemplated in subsection (1) and any other person who is not an objector but who is directly affected by a decision of a valuation board may, in like manner, appeal against such decision."

A notice of appeal form may be obtained from the Secretary of the Valuation Board.

W O READ
Secretary: Valuation Board

Municipal Offices
P.O. Box 14
Wanderers Avenue
Middelburg
1050
12 February 1992

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 380

STADSRAAD VAN MIDDELBURG, TRANSVAAL

VASSTELLING VAN GELDE

BEGRAAFPLAASVERORDENINGE

Daar word hierby ingevolge die bepalings van Artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend gemaak dat die Stadsraad van Middelburg by Speciale Besluit, die tariewe betaalbaar met betrekking tot Bylae A van die Begraafplaasverordeninge soos gepubliseer onder Kennisgewing Nr 19/W/1988, soos gewysig, met ingang 1 September 1991 soos volg vasgestel het:

TARIEWE: BEGRAAFPLAAS

1 Gelde vir Teraardebesteding

	Persone binne Munis.	Persone buite Munis.
--	----------------------------	----------------------------

(a) Begraafplaas van Middelburg en Eastdene

Vir die oopmaak en/of toemaak van 'n graf vir

(i) 'n Volwassene	R150	R400
(ii) 'n Kind of doodgebore kind	R75	R200

(b) Begraafplaas van Nasaret

Vir die oopmaak en of toemaak van 'n graf vir

(i) 'n Volwassene	R100	R300
(ii) 'n Kind of doodgebore kind	R50	R200

2. Gelde vir die heroopmaak of groter maak van grafte

(i) Heroopmaak van enige graf

(ii) Dieper, langer of wyer maak van enige graf	R100	R200
---	------	------

(iii) Heroopmaak, dieper, langer of wyer maak van enige graf op Saterdag of vakansiedae (slegs in uitsonderlike gevalle)

	R150	R300
--	------	------

3. Reservering van Private Grafpersele waarby die gelde soos in item 1 hierbo uiteengesit is

(a) Begraafplaas van Middelburg en Eastdene

	R400	R800
--	------	------

(b) Begraafplaas van Nasaret

	R200	R400
--	------	------

Indien die reservering gekanselleer word, is 80% van die bedrag terugbetaalbaar

4 Gelde vir Verassing

(a) Vir die reservering van 'n nis in die gedenkmuur en/of die ingebruikneming daarvan

	R100	R300
--	------	------

(b) Vir die begrawing van as in 'n bestaande graf

	R100	R200
--	------	------

5 Aansoek om toestemming vir die Oprigting van Gedenkwerke

(a) Gedenkwerke op grafte (volwasse of kind)	R 30	R30
--	------	-----

(b) Gedenkplaat op gedenkmuur	R 30	R30
-------------------------------	------	-----

W D FOUCHE
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Wandererslaan
Posbus 14
Middelburg
1050
12 Februarie 1992
Kennisgewing No. 3/T/92

LOCAL AUTHORITY NOTICE 380

TOWN COUNCIL OF MIDDELBURG, TRANSVAAL

DETERMINATION OF CHARGES

CEMETERY BY-LAWS

It is hereby notified in terms of Section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council has by special resolution determined charges with respect to Annexure A of the Cemetery By-Laws as published under Notice no 19/W/1988, as amended, with effect from 1 September 1991 as set out below:

TARIFFS: CEMETERY

1 Interment Charges	Persons resident inside the muni- cipality	Persons resident outside the muni- cipality
---------------------	--	---

(a) Middelburg and Eastdene Cemetery

For opening and/or closing of a grave for

(i) an adult	R150	R400
(ii) a child or stillborn child	R 75	R200

(b) Nasaret Cemetery

For opening and/or closing of a grave for

(i) an adult	R100	R300
(ii) a child or stillborn child	R 50	R200

2 Charges for the reopening or enlargement of graves

(i) Reopening of any grave	R100	R200
(ii) Deepening, lengthening or widening of any grave	R100	R200

(iii) Reopening, deepening, lengthening or widening of any grave on Saturdays or public holidays (only in exceptional cases)

	R150	R300
--	------	------

3 Reservation of private grave plot whereby the charges as set forth in item 1, are included

(a) Cemetery of Middelburg and Eastdene

	R400	R800
--	------	------

(b) Cemetery of Nasaret

	R200	R400
--	------	------

4 Charges for Cremation

(a) For the reservation of a niche in the wall of remembrance and first placement of ashes	R100	R300
--	------	------

(b) For the burial of ashes in an existing grave R100 R200

5 Application for approval of erection of Memorial Works

(a) Memorial work on graves of adults or children R 30 R 30

(b) Memorial work in Memorial section R 30 R 30

W D FOUCHÉ
Town Clerk

Municipal Building
Wanderers Avenue
P.O. Box 14
Middelburg
1050
12 February 1992
Notice No. 3/T/92

12

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 381

STADSRAAD VAN MIDDELBURG,
TRANSSVAAL

VASSTELLING VAN GELDE

VERORDENINGE VIR DIE REGULERING VAN PARKE, ONTSPANNINGSOORDE, SPORTTERREINE EN BOTE

Daar word hierby ingevolge die bepalings van Artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend gemaak dat die Stadsraad van Middelburg by Spesiale Besluit, die tariewe betaalbaar met betrekking tot die Verordeninge vir die Regulering van Parke, Ontspanningsoorde, Sportterreine en Bote soos gepubliseer onder Kennisgewing no 24/W/1988, soos gewysig, met ingang 1 September 1991 soos volg vasgestel het:

2 Rugbystadion, Saal en Kombuis

(1) Voorbereidingswerk: Weksdae en Saterdag (tussen 08:00 en 18:00): R 30,00

Openbare vakansiedae (tussen 08:00 en 18:00): R 60,00

(2) Vir die aanbied van die funksie wat die gebruik van die kombuis insluit:

(a) Maandae tot Saterdag (behalwe openbare vakansiedae) (tussen 08:00 en 24:00):

(i) Saal alleenlik: R 90,00

(ii) Saal en terrein of terrein alleenlik: R120,00

(b) Openbare vakansiedae en Sondae (tussen 08:00 en 24:00) per uur

(i) Saal alleenlik: R 50,00

(ii) Saal en terrein of terrein alleenlik: R100,00

(3) Tarief vir elke uur of gedeelte van 'n uur indien die saal en of terrein nie by die verstryking van die huurtermyn ontruim word nie:

(a) Saal alleen

(i) Tussen 24:00 en 08:00: R 60,00

(ii) Ander tye: R 30,00

(b) Saal en terrein of terrein alleen

(i) Tussen 24:00 en 08:00: R100,00

(ii) Ander tye: R 50,00

(4) Terugbetaalbare Deposito per Geleentheid:

(i) Enige saal: R200,00

(ii) Enige saal en terrein of terrein alleenlik: R400,00

Ander Klubhuise

3.1 Krieketklubhuis

(i) Saal alleen: R 90,00

(ii) Terrein en saal of terrein alleen: R140,00

3.2 Jukskeiklubhuis

(i) Saal alleen: R 90,00

(ii) Terrein en saal of terrein alleen: R140,00

3.3 Rugbysaal en veld

(i) Saal alleen: R 90,00

(ii) Per rugbyveld: R140,00

3.4 Deposito's ten opsigte van 3.1 tot 3.3 hierbo

(i) Saal alleen: R200,00

(ii) Saal en terrein: R400,00

W D FOUCHÉ
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Wandererslaan
Posbus 14
Middelburg
1050
12 Februarie 1992
Kennisgewing No. 2/T/92

LOCAL AUTHORITY NOTICE 381

TOWN COUNCIL OF MIDDELBURG,
TRANSSVAAL

DETERMINATION OF CHARGES

BY-LAWS FOR THE REGULATION OF PARKS, RECREATION RESORTS, SPORTS GROUNDS AND BOATS

It is hereby notified in terms of Section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council has by special resolution determined charges for the By-Laws for the Regulation of Parks, Recreation Resorts, Sports Grounds and Boats as published under Notice no 24/W/1988, as amended, with effect from 1 September 1991 as set out below:

2 Rugby Stadium, Hall and Kitchen

(1) Preparation: Week days and Saturdays between 08:00 and 18:00: R 30,00

Public holidays between 08:00 and 18:00: R 60,00

(2) For the holding of the function which includes the use of the kitchen:

(a) Mondays to Saturdays (excluding public holidays) between 08:00 and 24:00:

(i) Hall: R 90,00

(ii) Hall and grounds or grounds only: R120,00

(b) Other periods, and Sundays per hour between 08:00 and 24:00

(i) Hall: R 50,00

(ii) Hall and grounds or grounds only: R100,00

(3) Charge for every hour or part of an hour in the event of the hall and grounds not being vacated upon termination of the period of hiring:

(a) Hall alone

(i) Mondays to Saturday between 24:00 and 08:00: R 60,00

(ii) Other periods: R 30,00

(b) Hall and grounds or grounds only

(i) Between 24:00 and 08:00: R100,00

(ii) Other periods: R 50,00

(4) Repayable Deposit per Function:

(i) Any hall: R200,00

(ii) Any hall or grounds or grounds only: R400,00

3 Other Clubhouses

3.1 Cricket Clubhouse

(i) Hall only: R 90,00

(ii) Grounds and hall or grounds only: R140,00

3.2 Jukskei Clubhouse

(i) Hall only: R 90,00

(ii) Grounds and hall or grounds only: R140,00

3.3 Rugby hall and field

(i) Hall only: R 90,00

(ii) Per rugby field: R140,00

3.4 Deposits in respect of 3.1 to 3.3 above

(i) Hall only: R200,00

(ii) Hall and grounds: R400,00

W D FOUCHÉ
Town Clerk

Municipal Building
Wanderers Avenue
P.O. Box 14
Middelburg
1050
12 February 1992
Notice No. 2/T/92

12

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 382

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM STIGTING VAN DORP

Die Stadsraad van Midrand, gee hiermee ingevolge Artikel 69(6)(a) gelees met Artikel 96(3) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat 'n aansoek om die dorp in die bylae hierby genoem, te stig deur hom ontvang is.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae

gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsklerk, Munisipale Kantore, Ou Pretoriaweg, Randjespark, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 12 Februarie 1992.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 12 Februarie 1992 skriftelik en in tweevoud by of tot die Stadsklerk by bovermelde adres of by Privaatsak X20, Halfway House, 1685 ingedien of gerig word.

BYLAE

NAAM VAN DORP: Halfway House Uitbreiding 81

NAAM VAN AANSOEKDOENER: Quartette Eiendomme (Edms) Bpk.

AANTAL ERWE: Kommerseel

BESKRYWING VAN GROND: Restant van Gedeelte 3 van die plaas Allandale 10 IR

LIGGING: Noord van die voorgestelde K58 provinsiale pad en direk suid en aangrensend tot die Metro Inryteater.

VERWYSINGSNOMMER: 15/8/HH81

H R A LUBBE
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Ou Pretoriaweg
Randjespark
Privaatsak X20
Halfway House
1685
21 Januarie 1992
Kennissgewing No. 8/1992

LOCAL AUTHORITY NOTICE 382

NOTICE OF APPLICATION FOR ESTABLISHMENT OF TOWNSHIP

The Midrand Town Council, hereby gives notice in terms of Section 69(6)(a) read with Section 96(3) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that an application to establish the township referred to in the annexure hereto, has been received by it.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk, Municipal Offices, Old Pretoria Road, Randjespark for a period of 28 days from 12 February 1992.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing and in duplicate to the Town Clerk, Midrand at the above address or at Private Bag X20, Halfway House, 1685, within a period of 28 days from 12 February 1992.

ANNEXURE

NAME OF TOWNSHIP: Halfway House Extension 81

NAME OF APPLICANT: Quartette Eiendomme (Edms) Bpk.

NUMBER OF ERVEN: Commercial

DESCRIPTION OF LAND: Remainder of Portion 3 of the farm Allandale 10 IR

SITUATION: North of proposed K58 provincial road and directly south and adjacent to the Metro Drive-in.

REFERENCE NUMBER: 15/8/HH81

H R A LUBBE
Town Clerk

Municipal Offices
Old Pretoria Road
Randjespark
Private Bag X20
Halfway House
1685
21 January 1992
Notice No. 8/1992

12-19

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 383

PLAASLIKE BESTUUR VAN MIDRAND

AANVULLENDE WAARDERINGSGLYS VIR DIE BOEKJARE 1989/90 EN 1990/91

(Regulasie 12)

Kennis word hierby ingevolge Artikel 37 van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Bestuur, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), gegee dat die aanvullende waarderingsgls vir die Boekjare 1989/90 en 1990/91 van alle belasbare eiendom binne die munisipaliteit deur die voorsitter van die waarderingsraad gesertifiseer en geteken is en gevolglik finaal en bindend geword het op alle betrokke persone soos in Artikel 37 van daardie Ordonnansie beoog.

Die aandag word egter gevestig op Artikel 17 of 38 van die gemelde Ordonnansie wat soos volg bepaal:

"Reg van appèl teen beslissing van waarderingsraad.

17.(1) 'n Beswaarmaker wat voor 'n waarderingsraad verskyn het of verteenwoordig was, met inbegrip van 'n beswaarmaker wat 'n antwoord soos in Artikel 15(4) beoog, ingedien of voorgelê het, kan teen die beslissing van sodanige raad ten opsigte waarvan hy 'n beswaarmaker is, binne dertig dae vanaf die datum van die publikasie in die Provinsiale Koerant van die kennisgewing in Artikel 37 genoem of, waar die bepalings van Artikel 37 van toepassing is, binne een-en-twintig dae na die dag waarop die redes daarin genoem, aan sodanige beswaarmaker gestuur is, appèl aanteken deur by die sekretaris van sodanige raad 'n kennisgewing van appèl op die wyse soos voorgeskryf en in ooreenstemming met die prosedure soos voorgeskryf in te dien en sodanige sekretaris stuur onverwyld 'n afskrif van sodanige kennisgewing van appèl aan die waardeerder en aan die betrokke plaaslike bestuur.

(2) 'n Plaaslike Bestuur wat nie 'n beswaarmaker is nie, kan teen enige beslissing van 'n waarderingsraad appèl aanteken op die wyse in subartikel (1) beoog en enige ander persoon wat nie 'n beswaarmaker is nie maar wat regstreks deur 'n beslissing van 'n waarderingsraad geraak word, kan op dergelike wyse, teen sodanige beslissing appèl aanteken."

'n Vorm vir kennisgewing van appèl kan van die sekretaris van die waarderingsraad verkry word.

SEKRETARIS: WAARDERINGSRAAD

Munisipale Kantore
Ou Pretoriaweg
Randjespark
Privaatsak X20
Halfway House
1685
28 Januarie 1992
Kennissgewing No. 11/1992

LOCAL AUTHORITY NOTICE 383

LOCAL AUTHORITY OF MIDRAND

SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL FOR THE FINANCIAL YEARS 1989/90 AND 1990/91

(Regulation 12)

Notice is hereby given in terms of Section 37 of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the supplementary valuation roll for the financial years 1989/90 and 1990/91 of all rateable property within the municipality has been certified and signed by the chairman of the valuation board and has therefore become fixed and binding upon all persons concerned as contemplated in Section 37 of the Ordinance.

However, attention is directed to Section 17 or 38 of the said Ordinance, which provides as follows:

"Right of appeal against decision of valuation board.

17.(1) An objector who has appeared or has been represented before a valuation board, including an objector who has lodged or presented a reply contemplated in Section 15(4), may appeal against the decision of such board in respect of which he is an objector within thirty days from the date of the publication in the Provincial Gazette of the notice referred to in Section 37 or, where the provisions of Section 37 are applicable, within twenty-one days after the day on which the reasons referred to therein, were forwarded to such objector, by lodging with the secretary of such board a notice of appeal in the manner and in accordance with the procedure prescribed and such secretary shall forward forthwith a copy of such notice of appeal to the valuer and to the local authority concerned.

(2) A local authority which is not an objector may appeal against any decision of a valuation board in the manner contemplated in subsection (1) and any other person who is not an objector but who is directly affected by a decision of a valuation board may, in like manner, appeal against such decision."

A notice of appeal form may be obtained from the secretary of the valuation board.

SECRETARY: VALUATION BOARD

Municipal Offices
Old Pretoria Road
Randjespark
Private Bag X20
Halfway House
1685
28 January 1992
Notice No. 11/1992

12-19

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 384

STADSRAAD VAN NELSPRUIT

BEURSLENINGSFONDSVERORDENINGE

Die Stadsklerk van Nelspruit publiseer hier-by ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, die verordeninge hierna uiteengesit:

1. WOORDOMSKRYWING

In hierdie verordeninge, tensy uit die samehang anders blyk, beteken

"beursleningsfonds" die fonds wat deur die raad ingevolge die bepalings van anikel 79(51) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gestig is;

"kursustydperk" die minimum aantal jare vir die voltooiing van 'n studiekursus soos bepaal in die reëls of regulasies of jaarboek van die betrokke onderwysinrigting of sodanige verlengde tydperk wat die Raad in sy uitsluitlike diskresie mag toestaan, gereken vanaf die begin van die kalenderjaar waarin 'n lening vir die eerste keer aan 'n student toegestaan is;

"onderwysinrigting" 'n inrigting vermeld in artikel 79(51) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939;

"Raad" die Stadsraad van Nelspruit, daardie Raad se bestuurskomitee wat handel kragtens die bevoegdhede wat ingevolge die bepalings van artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiezings), 1960, aan hom gedelegeer is en enige beamppte aan wie daardie komitee ingevolge die bepalings van subartikel (2) van genoemde artikel, op gesag van die Raad, die bevoegdhede, funksies en plicte wat ten opsigte van hierdie verordeninge by die Raad berus, kan deleger, en dit inderdaad gedelegeer het;

"student" 'n voltydse of deeltydse ingeskrewe student of begaafde skoller by 'n onderwysinrigting en sluit 'n werknemer in;

"studiekursus" die volledige leergang vir 'n graad of diploma en in die geval van 'n begaafde skoller, enige skoolastiese jaar of jare.

2. DOEL, BEDRAG EN Tipes VAN LENINGS:

2.1 Die doel van hierdie beursleningsverordeninge is om beurslenings uit die beursleningsfonds beskikbaar te stel om studente behulpzaam te wees om kwalifikasies by onderwysinrigtings te verwerf;

2.2 Daar word in hierdie verordeninge vir die volgende tipes beurslenings voorsiening gemaak:

2.2.1 Voltydse beurslenings waar die Raad onderneem om alle registrasie-, losies-, klas- en boekgelde van die student te betaal;

2.2.2 Beurslenings binne die begrote bedrag aan werknemers in diens van die Raad waar die Raad onderneem om alle registrasie-, klas- en boekgelde van sodanige werknemers te betaal;

2.2.3 Beurslenings aan inwoners van Nelspruit: Dié beurse bedra sodanige bedrag as wat die Raad van tyd tot tyd mag bepaal, waarvan daar jaarliks hoogstens 10 beurse toegeken word: Met dien verstande dat 'n maksimum van 30 beurse in totaal te enige tyd toegeken is.

3. WIE KWALIFISEER:

3.1 Voltydse beurslenings:

Applikante soos deur die Raad gewerf vir studies of wat reeds aan 'n onderwysinrigting studeer en deur die Raad na voltooiing van hul studies in diens geneem kan word;

3.2 Beurslenings aan werknemers:

Alle applikante in diens van die Raad wat beoog om te studeer of verder te studeer;

3.3 Beurslenings aan inwoners van Nelspruit:

Applikante wat:

(a) Suid-Afrikaanse Burger, is; en

(b) by onderwysinrigtings studeer of beoog om aldaar te studeer;

kom in aanmerking vir die gemelde beurslenings.

4. WYSE WAAROP DAAR AANSOEK GEDOEN MOET WORD:

4.1 Applikante moet die voorgeskrewe aansoekvorm voltooi.

4.2 Die applikante ding op meriete en onderworpe aan sodanige vereistes as wat die Raad van tyd tot tyd mag bepaal, om die beurslenings wat jaarliks beskikbaar gestel word, mee.

5. AARD EN DUUR VAN KURSUSSE:

5.1 Voltydse beurslenings:

5.1.1 Die jaarlikse studiebeurse wat beskikbaar gestel word duur vir solank as die voorgeskrewe kursustydperk. Dit kan egter na goeiddunke deur die Raad verleng word.

5.1.2 Die kursus wat gevolg word, moet van toepassing wees en betrekking hê op die werksaamhede van die Raad;

5.2 Beurslenings aan werknemers:

5.2.1 Die jaarlikse beurslenings duur vir solank as wat die werknemer se studiekursus neem om voltooi te word; met dien verstande dat vir vakke waarin daar nie geslaag word nie, daar nie verdere beurslenings gegee sal word nie.

5.2.2 Die kursus wat gevolg word, moet van toepassing wees en betrekking hê op die werksaamhede van die Raad;

5.3 Beurslenings aan inwoners van Nelspruit:

Die beurslening geld vir solank as die voorgeskrewe kursustydperk en is nie tot enige studierigting beperk nie.

6. FINANSIERING VAN BEURSLENINGS

6.1 'n Lening word aan 'n student toegestaan teen voorlegging van 'n aanvaarbare bewys van registrasie by 'n onderwysinrigting.

6.2 'n Student aan wie 'n beurs toegestaan is, moet op 'n jaarlikse basis aan die Raad bewys lewer dat hy die betrokke jaar geslaag het, waarna hy outomaties vir 'n beurslening vir die volgende jaar kwalifiseer.

6.3 'n Student is verplig om kontraktueel te onderneem om die beurslening, onderworpe aan die voorwaardes soos in hierdie verordeninge uiteengesit asook sodanige verdere voorwaardes as wat die Raad van tyd tot tyd mag bepaal, aan die Raad terug te betaal.

DIRK W VAN ROOYEN
Stadsklerk

Burgersentrum
Nelstraat 1
Nelspruit
1200

12 Februarie 1992
Kenningsgewing No. 4/1992

LOCAL AUTHORITY NOTICE 384

TOWN COUNCIL OF NELSPRUIT

BURSARY LOAN FUND BY-LAWS

The Town Clerk of Nelspruit hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter:

1. DEFINITION

In these by-laws, unless inconsistent with the context

"bursary loan fund" means a fund established by the Council in terms of the provisions of section 79(51) of the Local Government Ordinance, 1939;

"Council" means the Town Council of Nelspruit, that Council's management committee acting under the powers delegated to it in terms of the provisions of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960, and any officer to whom that committee has been empowered by the Council in terms of the provisions of subsection (2) of the said section to delegate and has in fact delegated the powers, functions and duties vesting in the Council in relation to these by-laws;

"course of study" means the complete curriculum for a degree or diploma and in the case of a gifted pupil any scholastic year or years;

"educational institution" means an institution mentioned in section 79(51) of the Local Government Ordinance, 1939;

"period of course" means the minimum number of years for the completion of a course of study stipulated in the rules or regulations or year book of the particular educational institution, or such longer period which the Council in its sole discretion may allow, calculated from the commencement of the calendar year in which a loan was granted for the first time to a student;

"student" means an enrolled full-time or part-time student or gifted pupil at an educational institution and includes an officer.

2. PURPOSE, AMOUNT AND TYPES OF LOANS

2.1 The object of these bursary loan fund by-laws is to make bursary loans available from the bursary loan fund to assist students to obtain qualifications at educational institutions.

2.2 In these by-laws provision is made for the following types of bursary loans:

2.2.1 Full-time bursary loans where the Council undertakes to pay all the registration, boarding, class and book fees of the student;

2.2.2 Bursary loans within the budgeted amount to officers in the service of the Council where the Council undertakes to pay all the registration, class and book fees of such officers;

2.2.3 Bursary loans to residents of Nelspruit: These bursaries amount to such amounts as the Council may from time to time determine, of which a maximum of 10 bursaries will be allocated annually: Provided that a maximum of 30 bursaries are allocated at any given time.

3. WHO QUALIFIES:

3.1 Full-time bursary loans:

Applicants as recruited by the Council for studies or who are already studying at an educational institution and who can be employed by the Council after the completion of their studies;

3.2 Bursary loans to officers:

All applicants in the service of the Council aiming at studying or studying further;

3.3 Bursary loans to residents of Nelspruit:

Applicants who:

(a) are South African citizens; and

(b) studies at educational institutions or intends to study there;

will be considered for the said bursary loans.

4. WAY IN WHICH APPLICATION MUST BE MADE:

4.1 Applicants must complete the prescribed application form.

4.2 Applicants compete on merit and subject to such requirements as the Council may from time to time determine for the bursary loans that are annually made available.

5. NATURE AND DURATION OF COURSES:

5.1 Full-time bursary loans:

5.1.1 The annual bursary loans which are made available shall be for the duration of the prescribed period of course. The Council may, however, in its discretion prolong it.

5.1.2 The course to be studied shall be applicable to and have bearing upon the activities of the Council.

5.2 Bursary loans to officers:

5.2.1 The annual bursary loans shall be for as long as the officer's course of study takes to be completed: Provided that no further bursary loans will be granted in respect of subjects not passed.

5.2.2 The course to be studied shall be applicable to and have bearing upon the activities of the Council.

5.3 Bursary loans to residents of Nelspruit:

The bursary loan shall be for as long as the prescribed period of course and is not limited to any study course.

6. FINANCING OF BURSARY LOAN

6.1 A loan shall be granted to a student against the submission of acceptable proof of registration at an educational institution.

6.2 A student to whom a bursary was granted shall on an annual basis submit proof to the Council that he had passed the relevant year, whereafter he will automatically qualify for a bursary loan for the following year.

6.3 A student is obliged to contractually undertake to repay the bursary loan to the Council subject to the conditions as set out in these By-laws and such further conditions as the Council may from time to time determine.

DIRK W VAN ROOYEN
Town Clerk

Civic Centre
Nel Street 1
Nelspruit
1200
12 February 1992
Notice No. 4/92

12

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 385

STADSRAAD VAN NELSPRUIT

WYSIGING VAN GELDE VIR ELEKTRISITEITSVERORDENINGE

Die Stadsklerk van Nelspruit publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uitengesit, wat deur die Raad ingevolge artikel 96 van voornoemde Ordonnansie opgestel is.

Die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit Nelspruit deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 221 van 5 Februarie 1986, soos gewysig, word hierby met ingang van 1 Januarie 1992, soos volg verder gewysig:

1. Deur in item 2.1 (b) van die Bylae die syfer "18,4c" deur die syfer "19,75c", te vervang;

2. Deur in item 4.5 van die Bylae die syfer "17,5c" deur die syfer "18,75c", te vervang;

3. Deur in item 5.4(a) van die Bylae die syfers "1 2,4c", "R25,90" en "R6,00", onderskeidelik deur die syfers "13,5c", "R28,00" en "R6,50", te vervang;

4. Deur in item 5.4(b) van die Bylae die syfers "7,2c" en "R24,75" onderskeidelik deur die syfers "7,8c" en "R27,00", te vervang.

D W VAN ROOYEN
Stadsklerk

Burgersentrum
Posbus 45
Nelspruit
1200
27 Januarie 1992
Kennisgewing No. 9/1992

LOCAL AUTHORITY NOTICE 385

TOWN COUNCIL OF NELSPRUIT

AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS

The Town Clerk of Nelspruit hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the By-laws set forth hereinafter, which were drawn up by the Council in terms of section 96 of the said Ordinance.

The Electricity By-laws of the Nelspruit Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 221 dated 5 February 1986, as amended, are hereby further amended as follows, with effect as from 1 January 1992:

1. By substitution in item 2.1 (b) of the Schedule, for the figure "18,4c" of the figure "19,75c";

2. By substitution in item 4.5 of the Schedule, for the figure "17,5c" of the figure "18,75c";

3. By substitution in item 5.4(a) of the Schedule, for the figures of "12,4c", "R25,90" and "R6,00", of the figures of "13,5c", "R28,00" and "R6,50" respectively;

4. By substitution in item 5.4(b) of the Schedule, for figures of "7,2c" and "R24,75" of the figures of "7,8c" and "R27,00", respectively.

D W VAN ROOYEN
Town Clerk

Civic Centre
P O Box 45
Nelspruit
1200
27 January 1992
Notice No. 9/1992

12

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 386

STADSRAAD VAN NELSPRUIT

VASSTELLING VAN GELDE: HUUR VAN SYPAADJIES EN PARKEERPLEKKE

Kennis geskied hiermee kragtens artikel 80(B)(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Nelspruit by Speciale Besluit, die volgende tariewe vasgestel het om met ingang van 1 Februarie 1992, in werking te tree:

GELDE BETAALBAAR

(A) Huur van sypaadjies:

Area (m ²):	Tarief per m ² per week
0-50	R0,95
51-100	R0,90
101-150	R0,85
151-200	R0,80
201 en meer:	R0,75

(B) Huur van parkeerplekke:

(i) R50,00 per parkeerplek per week in alle gevalle, selfs waar daar nie parkeermeters is nie;

(ii) indien die konstruksie in die lug oor 'n sypaadjie op so 'n wyse opgerig word dat voetgangers nie die gebruik van die sypaadjie ontsê word nie, slegs 50 % van die tarief gehef sal word;

(iii) alhoewel die lengte van sypaadjies wat gehuur word varieer, die breedte wat gehuur word, beperk word tot die helfte van die breedte van die sypaadjie of die volle breedte van die sypaadjie en indien slegs die helfte van die breedte gehuur word, die gedeelte aangrensend aan die erf gehuur word;

(iv) indien die volle breedte van die sypaadjie gehuur word, moet die parkering direk aangrensend gehuur word, sodat dit gebruik kan word vir voetgangerverkeer, met dien verstande dat hierdie gedeelte behoorlik afgeskerm word sodat geen voertuig daar kan parkeer of deurbeveeg nie;

